

Die einde van die reis

Paasfees is verby. Opnuut is elke kind van God weer aangegryp deur die Paasgebeure, naamlik dat Christus bereid was om vir j^ou te sterf. As ons nou weer vasgevang word deur die moordende tempo van ons dagtaak is die vraag: Wat het Paasfees vir jou te sê? Die Emmausgangers was met Jesus op weg. Toe hulle aan die einde van hulle reis kom het Jesus saam met hulle die huis ingegaan (vs 29). Christus wil nie net saam met jou op jou lewensweg wees nie, Hy wil ook medebewoner van jou lewe word. Daarom het hierdie twee Emmausgangers by Jesus “aangedring” (vs 29) dat Hy saam met hulle die huis ingaan. Hulle drang om by Jesus te wees, was brandend.

Weet jy, hoe dieper die mens se nood en hoe intenser ’n mens bewus raak van jou nietigheid en sonde, en hoe ellendiger en afhankliker jy van God voel, hoe meer smag God se kind na s^y teenwoordigheid en genade! Jesus het in ons teks “ingegaan”. Hierdie woordjie dui duursaamheid aan. Christus kom nie maar net jou lewe vlugtig op ’n kort besoekie binne nie. Nee, Hy maak woning in jou hart deur die Heilige Gees. Hy bly b^y jou en is by jou tot in ewigheid. Die einde van die reis vir elke Godskind is dus salig! Dit is die belofte van Paasfees.

Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2

Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)